**Chris Jones***

Wêrelddag vir Sosiale Geregtigheid word sedert 2009 op 20 Februarie gevier om ons aandag op sosiale geregtigheid te vestig en ons aan te moedig om moontlike oplossings te vind. Dit bied ook aan ons die geleentheid om bestekopname te doen van die vordering wat in hierdie verband gemaak is.

Die doel van hierdie artikel is nie noodwendig om op die tekortkomings in die Suid-Afrikaanse regering se benadering in hierdie verband die afgelope 30 jaar te fokus nie, maar om eerder oorwinnings ten opsigte van sosiale geregtigheid te beklemtoon soos dit deur burgerlike organisasies en inwoners in arm gemeenskappe geïnisieer en voortgedryf is.

**Wyer SA-konteks**

Antropoloog Melissa Beresford wys tereg daarop dat vyf demokraties-verkose regerings sedert 1994 daarin misluk het om die sosiale en ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika doeltreffend aan te spreek. Ongelykheid het eerder vererger.

Volgens ’n ongelykheidsverslag van Oxfam het die postapartheidsregering klaaglik daarin misluk om dienste soos (hoëgehalte-) water, elektrisiteit, gesondheidsorg, behuising, openbare vervoer, onderwys en ander dienste aan diegene te lewer wat sosiaal en ekonomies deur apartheid en rassisme benadeel is.

Verder het swart ekonomiese bemagtiging (BEE) – wat breë ekonomiese deelname deur swart mense moes verhoog het – grootliks misluk. Dit het eerder diegene wat die regte politieke verbintenisse het, bevoordeel – waarvan sommige letterlik oornag miljardêrs geword het.

Senior navorser Mondli Hlatswayo voer aan dat hierdie beleid verder as swart eienaarskap moes strek. Dit moes ook op vaardigheidsontwikkeling en steun aan swart ondernemings gefokus het.

Natuurlik was daar sukses wat sedert 1994 tot ’n toename in die swart middelklas gelei het, maar ongelukkig het die gaping tussen hierdie middelklas, die armes en die werkersklas – in die konteks van armoede, ongelykheid en werkloosheid – vergroot.

Verder sukkel ons ook met maatskaplike en ekonomiese uitdagings ten opsigte van xenofobiese geweld, grondhervorming, moord asook geweld teen vroue en kinders, om maar net ’n paar te noem. Ons sal instellings voortdurend moet versterk wat hierdie uitdagings die hoof bied om ons demokrasie te beskerm.

Die vryheidstryd het nie net oor politieke regte nie, maar ook oor sosio-ekonomiese geregtigheid gegaan.

Ondanks bogenoemde tekortkominge was daar die afgelope 30 jaar ook suksesse, soos tereg deur Hlatswayo uitgelig. Ek verwys kortliks na ’n paar.

**Gratis antiretrovirale middels**

Ná vele en lang hofsake, het die Suid-Afrikaanse regering in April 2004 begin om gratis antiretrovirale middels in die openbare sektor beskikbaar te stel. Dit het sedertdien tot die grootste antiretrovirale behandeling (ART) -program ter wêreld gegroei danksy die talle pogings van die Treatment Action Campaign (TAC) – ’n sosiale beweging. Hierdie ART-program het die lewensverwagting van persone wat met MIV saamleef van 56 jaar in 2010 tot 63 jaar in 2018 verhoog.

Hoewel MIV sedert 2013 na ’n laer plek het op die internasionale agenda afgesak het, bly dit noodsaaklik dat die poging om die MIV-epidemie te beëindig, nie spoed verloor nie. ’n 2023-verslag van die Gesamentlike Verenigde Nasies se Program oor MIV/Vigs (UNAIDS) wys daarop dat daar in 2022 elke minuut iemand aan vigs in die wêreld gesterf het, met miljoene wat steeds nie behandeling ontvang nie, insluitend 43% van kinders wat met MIV saamleef. Dit dui daarop dat aktiviste moet voortgaan om hulle vir behandeling en regte te beywer, ten einde hierdie sterftes en mense wat behandeling misloop, te verminder en selfs moontlik te vermy.

**Behuising**

Hlatswayo verwys ook na die bekende Irene Grootboom wat in Wallacedene, ’n informele nedersetting in Kraaifontein, Kaapstad, gewoon het. Sy was deel van ’n groep van 510 kinders en 290 volwasse inwoners wat in 1998 ’n regsgeding teen die Suid-Afrikaanse regering aanhangig gemaak het. Dié informele nedersetting het destyds nie behuising of kraanwater, sanitasie, elektrisiteit en ander basiese dienste gehad nie.

In 2000 het die Konstitusionele Hof ten gunste van Grootboom en ander beslis en bevestig dat hulle volgens die grondwet die reg op behuising het. Die regering was verplig om binne ’n redelike tydperk behuising aan die mense in hierdie informele nedersetting te verskaf. Die regering moes ook maatskaplike verligting bied aan ander gemeenskappe wat nie toegang tot water, sanitasie en voldoende skuiling gehad het nie.

Grootboom is in 2008, op 39-jarige ouderdom, in haar plakkershut oorlede sonder dat sy ’n huis gehad het. Kort voor haar dood het sy aan die joernalis Francis Hweshe gesê sy is “siek en moeg” om op ’n waglys vir ’n huis te wees. Wanneer dit reën, het die water by haar plakkershut ingeloop. ’n Mede-inwoner, Magdalene May, het aan Hweshe genoem dat Grootboom “die eerste persoon [in Wallacedene] was wat die stryd aan die gang gesit het”. Sy was ’n heldin in haar gemeenskap.

**Werkersregte**

Universiteitstudente en -werkers regoor Suid-Afrika het in 2015 en 2016 hulle stryd verskerp met die “Fees Must Fall”- en “Outsourcing Must Fall”-veldtogte. Dit het daartoe gelei dat universiteitsgelde nie in daardie stadium verhoog is nie, en dat die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) meer studente moes akkommodeer. Dit het ook daartoe gelei dat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding bykomende geld tot NSFAS bygedra het.

’n Verdere oorwinning was dat die kinders van universiteitswerkers gratis kon studeer en dat werk nie meer gedurende 2015 en 2016 uitgekontrakteer is nie. Uitkontraktering het daartoe gelei dat baie werkers – veral swart vroue wat skoonmakers was – sedert die laat 1990’s hulle werk verloor het.

Volgens Hlatshwayo het hierdie veldtog direk tot ’n verhoging in die inkomste van die werkers gelei – in sommige gevalle tot meer as 100%. In 2016 is uitkontraktering by die meeste universiteite gestaak. Daar is steeds uitdagings in die hoëronderwyssektor, maar dit was (gedeeltelike) oorwinnings vir studente en werkers.

Op ’n dag soos die Wêrelddag van Sosiale Geregtigheid moet ons opnuut nadink oor al die sterk kragte wat sosiale geregtigheid op verskillende maniere ondermyn. Ons moet ook moed skep omdat organisasies vir maatskaplike geregtigheid en arm gemeenskappe onder meer ’n groot rol kan speel om sosiale ongeregtigheid deur middel van geteikende veldtogte aan te spreek.

Dit is moeilik om hierdie veldtogte van die grond af te kry en dit verg baie geduld, maar die afgelope 30 jaar in Suid-Afrika het ons gesien dat verandering moontlik is en dat dit ’n groot verskil in mense se lewens maak.

**Dr Chris Jones is hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap by die Universiteit Stellenbosch.*